higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEBEDRYWIGHEDE
NKR VLAK 4

(11011074)

28 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en addenda van 5 blaaie.

506Q1N2328

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOERISMEBEDRYWIGHEDE
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Die bankverkoopskoers word gebruik om buitelandse valuta in ZAR te omskakel.

1.1.2 Kussinggeskenkies is 'n voorbeeld van 'n spesiale toerkomponent.

1.1.3 Die geldeenheid van Hongkong is die Hongkongse dollar.

1.1.4 Dis belangrik om plaaslike mondelinge geskiedenis by 'n toerraamwerk in te sluit.

(4 × 1) (4)

1.2 Mnr. Khumalo, sy vrou, en hul 18-jarige dogter en 12-jarige seun beplan 'n reis na die VK en Europa tydens die Desember-skoolvakansie.

1.2.1 Werk vir mnr. Khumalo die reistoelae uit wat die gesin mag saamvat. Toon al die berekenings. (5)

1.2.2 Gee die volle naam van die geldeenheid wat in elk van die volgende lande gebruik word:

(a) Verenigde Koninkryk

(b) Noorweë

(c) Denemarke

(3 × 1) (3)

1.2.3 Verwys na ADDENDUM A (aangeheg) om te bereken hoeveel geld mnr. Khumalo sal ontvang wanneer hy sy geld vir die geldeenhede hier onder verruil. MOENIE jou antwoorde afrond NIE. Toon al die berekenings.

(a) ZAR120 000 vir GBP-reisigerstjeks

(b) ZAR20 000 vir DKK-reisigerstjeks

(c) ZAR50 000 vir EUR-kontant

(d) ZAR10 000 vir NOK-reisigerstjeks

(4 × 3) (12)

1.2.4 Mnr. Khumalo het jou gevra om die volgende terminologie te verduidelik aangaande reisversekering:

(a) Persoonlike aanspreeklikheid

(b) Inkorting ('Curtailment')

(c) Surplus ('Excess')

(3 × 2) (6)

1.2.5 As 'n senior konsultant, stel 'n evalueringskontrolelys op wat gebruik kan word om terugvoer by toergidse te kry nadat hulle jou toeriste op reis geneem het. Jou kontrolelys moet DRIE kriteria bevat.

(10)
[40]

VRAAG 2

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Die plaaslike TBOO-kollege het jou gevra om 'n toer van SEWE dae in April na KZN te reël. Die toer is vir 'n groep Vlak 4-toerismestudente. Die toer moet fokus op die kulturele en natuurwaarde van KZN vir toerisme. Die studente is tussen die ouderdom van 19 en 26 jaar. Een van hulle is in 'n rolstoel. Hulle wil graag hê daar moet 'n dag by die toerplan ingesluit word waar hulle 'n plaaslike gemeenskap kan help. Die dosent vra jou om 'n toerplan op te stel. Die begroting laat R3 500 per student toe.

2.1 Begin die toer beplan deur 'n toerraamwerk op te stel. (6 × 3) (18)

2.2 Klassifiseer die volgende toeriste-aantreklikhede as kulturele of natuuraantreklikhede:

2.2.1 Indlondlo Kultuurdorpie

2.2.2 Groter St. Lucia Vleilandpark

2.2.3 uKhahlamba Drakensberg Park

2.2.4 Juma Masjid Moskee

2.2.5 Durbanse Botaniese Tuine

(5 × 1) (5)

2.3 Die vaste en veranderlike kostes moet in aanmerking geneem word om die koste van die toer te bereken.

2.3.1 Onderskei tussen *vaste kostes* en *veranderlike kostes*. (2 × 2) (4)

2.3.2 Klassifiseer die volgende deur 'Vaste koste' of 'Veranderlike koste' neer te skryf:

(a) Reklame

(b) Toergids se salaris

(c) Besigtigingstoer

(d) Brosjures

(e) Akkommodasie

(5 × 1) (5)

2.3.3 Met die berekening van die toerkostes, stel jy vas dat die prys hoër is as die bedrag waarvoor begroot is.

Noem VIER alternatiewe wat oorweeg kan word om die prys te verlaag. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 3

3.1 Gee die stappe wat 'n kliënt moet volg om reisigerstjeks in kontant te omskakel. (5)

3.2 Kies 'n item vanuit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.2.1	Die praktyk om een geldeenheid in 'n ander een te omskakel	A	inklusiewe toer
		B	30
3.2.2	'n Toer wat beplan word rondom die behoeftes van 'n spesifieke kliënt	C	pasgemaakte toer
		D	kontrolelys
3.2.3	Items wat as ietsie ekstra aan kliënte gegee kan word om hul vakansie nog beter te maak	E	buitelandse valuta
		F	60
3.2.4	Buitelandse valuta kan tot en met … dae voor vertrek gekoop word	G	kussinggeskenkies
		H	vraelys
3.2.5	'n Stel vrae wat gebruik word om inligting deur middel van 'n opname te versamel		

(5 × 1) (5)

3.3 Gebruik die inligting hier onder om vir die TBOO-kollegegroep die koste van die toer per student te bereken. Toon al die berekenings.

Akkommodasie: Koshuis (6 nagte)	R150 per nag
Toergids	R500
Toegangsfooie	R800
Bus	R1 000
Etes: 7 dae	R250 per dag
Winsruimte	25%

(10)

3.4 Hier volg moontlike leidende vrae wat jy vir 'n kliënt kan vra om die nodige inligting te kry om sy/haar vakansie te beplan. Gee voorbeelde van jou kliënt se moontlike antwoorde op die vrae hier onder.

- Waarheen wil jy reis?
- Wanneer wil jy reis?
- Hoe lank moet die reis wees?
- Is die reis vir ontspanning, sake of 'n kombinasie van albei?
- Hoeveel mense sal saamreis?
- Wat is die ouderdomme van die mense wat gaan reis?
- Hoeveel geld wil jy bestee?
- Verkies jy enige spesifieke lugredery, vervoer of akkommodasie?
- Wat is jou belangstellings en verwagtings?
- Wat is die passasiers se name?

(10 × 2) (20)
[40]

VRAAG 4

4.1 'n Nuwe konsultant by Standardbank het 'n kliënt gehelp om sy buitelandse valuta weer na ZAR te omskakel. Hy vra jou om dubbelseker te maak dat die omskakeling korrek gedoen is, want iets lyk verkeerd.

USD1 550 se kontant is omskakel na ZAR97.36

Verwys na die tabel met buitelandse wisselkoerse op ADDENDUM A (aangeheg) om die vrae te beantwoord.

4.1.1 Stem jy saam met die nuwe konsultant se berekenings? Sê 'Ja' of 'Nee'. (1)

4.1.2 Gee die rede vir jou antwoord op VRAAG 4.1.1. Staaf jou redenasie deur die berekenings te toon.

(2 + 3) (5)

4.2 Vergelyk Reisplan A en Reisplan B, en beantwoord dan die vrae.

REISPLAN A

Reisplan opgestel spesifiek vir me. Murray

30 APR	1300	Boek in op O.R. Tambo Internasionale Lughawe by die British Airways-toonbank.
	1600	Vertrek op BA678 na Londen Heathrow.
01 MEI	0700	Arriveer op Londen Heathrow.
		'n Hotelverteenwoordiger van die Picadilly Hotel sal u ontmoet.
	1000	Boek in by Picadilly Hotel.
02 MEI		
03 MEI		
04 MEI		
05 MEI	1800	Boek in op Londen Heathrow Lughawe by die British Airways-toonbank.
	2100	Vertrek op BA679 na Johannesburg, O.R. Tambo Internasionale Lughawe.
06 MEI	0900	Arriveer op O.R. Tambo Internasionale Lughawe.

REISPLAN B

DAG 1	Inboek en verwelkomingsdrankies by Picadilly Hotel.
DAG 2	Halfdagoriëntering. Hoogtepunte sluit in: Trafalgar Square, Teems-rivier en Buckingham-paleis.
DAG 3	Besoek Tower of London. Besigtig Londen vanuit die beroemde London Eye.

4.2.1 Dui aan of elke reisplan hier onder 'n 'Algemene reisplan' of 'n 'Persoonlike reisplan' is:

(a) Reisplan A

(b) Reisplan B

(2 × 1) (2)

Kopiereg voorbehou

4.2.2 Verduidelik die antwoord op VRAAG 4.2.1 vir:

(a) Reisplan A

(b) Reisplan B

(2 × 2) (4)

4.2.3 Dui aan of die volgende stelling 'Waar' of 'Onwaar' is en verduidelik die antwoord:

Reisplan A is 'n voorbeeld van 'n eenrigtingreisplan. (1 + 2) (3)

4.3 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

PARK GRAND LONDON KENSINGTON

Die Park Grand London Kensington is 'n eksklusiewe konsep met hedendaagse fasiliteite. Dit bied aan toergroepe unieke verblyf gekenmerk deur elegansie, moderne styl en weelderige binnevertrekke. Elke hoekie van die kamers bied sprokiesagtige uitsigte wat dit die moeite werd maak. Hierdie sentraal geleë boetiekhotel se personeel is vriendelik en goed opgelei. Dis naby die Earls Court-skousentrum, die beroemde Royal Albert Hall, Kensington-tuine, 5 minute vanaf die museummyl en 3 km vanaf Buckingham-paleis. Tariewe is vanaf GBP59 en sluit 'n volledige Engelse ontbyt in.
Bespreek jou toergroep via ons aanlyn besprekingstelsel by:
www.parkgrandkensington.co.uk of skakel ons by +44 020 737 06831

[Bron: Verwerk vanuit *www.parkgrandkensington.co.uk*]

4.3.1 Gee VYF redes vanuit die scenario waarom die Park Grand London Kensington-hotel 'n ideale hotel is om by 'n toer in te sluit. (5)

4.3.2 Gee TWEE maniere, asook die details daarvan, om 'n bespreking te maak vir die Park Grand London Kensington-hotel. (2 × 2) (4)

4.3.3 Wat is die hotel se tarief per nag? (2)

4.3.4 Wat sluit die tarief in? (1)

4.3.5 Noem DRIE beroemde toeriste-aantreklikhede wat naby die hotel geleë is. (3)

4.4 Noem die volgende wanneer 'n mens buitelandse valuta op 'n reiskaart saamneem:

4.4.1 DRIE voordele (3)

4.4.2 DRIE nadele (3)

4.5 Jy het 'n kliënt aanbeveel om sy buitelandse valuta in die vorm van reisigerstjeks saam te vat.

4.5.1 Noem TWEE dokumente wat verskaf moet word wanneer 'n mens reisigerstjeks koop. (2)

4.5.2 Noem TWEE voordele daarvan om reisigerstjeks te gebruik. (2)
[40]

VRAAG 5

Bestudeer die toer, *Die Kruger in al sy Glorie*, op ADDENDUM B (aangeheg) en beantwoord die vrae.

5.1 Noem VIER items wat gewoonlik by die toerprys uitgesluit is. (4)

5.2 Hoeveel etes is by die toer ingesluit? Gee spesifieke details, nie slegs net die getal nie. (3)

5.3 Noem DRIE aktiwiteite wat ingesluit is. (3)

5.4 Noem of dit 'n voorbeeld van 'n 'Inklusiewe toer' of 'n 'Groepsinklusiewe toer' is. (1)

5.5 Gee DRIE voorstelle aan TourRadar om wisselkoersskommelings te hanteer. (3 × 2) (6)

5.6 Die toergroep het uitgesien na die Chimp Eden-uitstappie op die laaste dag. Met hul aankoms by die Jane Goodall-instituut word hulle egter ingelig dat geen besprekings vir hulle gemaak is nie en dat die fasiliteit ongelukkig vol bespreek is.

Toe die toergids navraag doen oor die probleem, stel die konsultant wat die bespreking oorspronklik gemaak het vas dat dit vir die verkeerde datum was.

5.6.1 Gebruik die probleemoplossingsproses om 'n oplossing te kry en kliëntetevredenheid te verseker. (7 × 2) (14)

5.6.2 Hierdie kliënte het die reg om ontevrede te wees want hulle het 'n kontrak met TourRadar gesluit. Die scenario kan beskou word as 'n voorbeeld van 'n geïmpliseerde kontrak.

Verduidelik wat bedoel word met 'n *geïmpliseerde kontrak*. (2)

5.7 Noem DRIE spesiale toerkomponente wat TourRadar by die toer kan insluit om dit vir die groep spesiaal te maak. (3)

5.8 Bestudeer die weerdiagramme en beantwoord die vrae.

GEMIDDELDE MAANDELIKSE EN SEISOENALE TEMPERATURE (°C) VAN DIE KRUGER NASIONALE PARK

SEISOEN	TEMPERATURE	MAAND	PUNDA MARIA	SHINGWEDZI	LETABA	SATARA	SKUKUZA	PRETORIUSKOP	GEMIDDELD VIR KNP VIR MAAND	GEMIDDELD VIR KNP VIR SEISOEN
LENTE	GEMIDDELDE DAAGLIKSE MAKSIMUM	SEP	28.8	30.5	30.3	29.1	29.3	27.9	29.3	30.1
		OKT	29.7	31.2	31.1	29.6	29.8	27.9	29.9	
		NOV	31.5	32.7	32.0	31.0	30.6	28.5	31.1	
	GEMIDDELDE DAAGLIKSE MINIMUM	SEP	15.7	13.8	14.6	14.1	12.8	13.5	14.1	16.4
		OKT	17.7	17.0	17.3	16.5	16.0	15.0	16.6	
	GEMIDDELDE TEMPERATUUR	SEP	22.2	22.2	22.5	21.6	21.0	20.7	21.7	23.2
		OKT	23.9	24.1	24.2	23.1	22.9	21.4	23.3	
		NOV	25.3	26.1	25.7	24.6	24.3	22.6	24.8	
SOMER	GEMIDDELDE DAAGLIKSE MAKSIMUM	DES	31.6	33.4	33.3	32.3	31.9	29.7	32.0	32.4
		JAN	32.3	34.1	34.1	33.7	32.6	30.6	32.9	
		FEB	32.0	33.1	33.5	32.7	32.0	30.2	32.3	
	GEMID. DAAGLIKSE MINIMUM	DES	20.2	20.7	21.0	20.0	19.7	18.1	20.0	20.4
		JAN	20.8	21.4	22.0	21.1	20.6	19.0	20.8	
		FEB	20.7	20.7	21.5	20.8	20.4	18.5	20.4	
	GEMIDDELDE TEMPERATUUR	DES	25.9	27.1	27.2	26.1	25.8	23.9	26.0	26.4
		JAN	26.6	27.8	28.0	27.4	26.6	24.8	26.9	
		FEB	26.3	26.9	27.5	26.7	26.2	24.3	26.3	

SEISOEN	TEMPERATURE	MAAND	PUNDA MARIA	SHINGWEDZI	LETABA	SATARA	SKUKUZA	PRETORIUSKOP	GEMID. VIR KNP VIR MAAND	GEMID. VIR KNP VIR SEISOEN
HERFS	GEMIDDELDE DAAGLIKSE MAKSIMUM	MAR	31.5	32.6	32.6	31.5	31.2	29.5	31.5	29.6
		APR	29.6	30.7	30.5	29.9	29.4	27.3	29.6	
		MEI	27.3	28.5	28.5	28.5	27.9	26.0	27.8	
	GEMID. DAAGLIKSE MINIMUM	MAR	19.9	19.8	20.5	19.6	19.1	18.0	19.5	16.1
		APR	17.8	16.7	17.1	16.8	15.4	15.3	16.5	
		MEI	14.8	11.4	12.0	12.9	10.0	12.0	12.2	
	GEMIDDELDE TEMPERATUUR	MAR	25.7	26.2	26.5	25.5	25.2	23.7	25.5	22.8
		APR	23.7	23.7	23.8	23.4	22.4	21.3	23.1	
		MEI	21.0	20.0	20.3	20.7	19.0	19.0	20.0	
WINTER	GEMIDDELDE DAAGLIKSE MAKSIMUM	JUN	25.2	26.1	26.1	25.9	25.9	23.8	25.5	26.1
		JUL	24.9	26.4	26.4	25.9	25.9	24.0	25.6	
		AUG	26.5	28.1	28.1	27.3	27.3	25.7	27.2	
	GEMID. DAAGLIKSE MINIMUM	JUN	12.2	7.4	7.8	9.4	5.6	9.3	8.6	9.5
		JUL	12.3	7.7	8.5	10.0	5.7	9.5	9.0	
		AUG	13.5	10.1	10.8	11.8	8.7	11.0	11.0	
	GEMIDDELDE TEMPERATUUR	JUN	18.7	16.8	17.1	17.6	15.7	16.5	17.1	17.8
		JUL	18.6	17.0	17.4	18.0	15.8	16.7	17.3	
		AUG	20.1	19.1	19.5	19.6	18.0	18.4	19.1	

Kopiereg voorbehou

GEMIDDELDE MAANDELIKSE EN JAARLIKSE REËNVAL (mm) VAN DIE KRUGER NASIONALE PARK

MAAND	PUNDA MARIA	SKUKUZA	GEMIDDELDE AANTAL DAE MET REËN
JAN	112	96	7
FEB	101	92	7
MAR	59	72	6
APR	33	35	3
MEI	10	14	2
JUN	6	8	1
JUL	5	9	1
AUG	4	7	1
SEP	13	24	2
OKT	29	35	4
NOV	68	75	6
DES	92	86	7
GEMID. JAARLIKSE TOTAAL	532	553	47

5.8.1 Wanneer is dit die beste tyd van die jaar om die Kruger Nasionale Park te besoek? (2)

5.8.2 Verduidelik die antwoord op VRAAG 5.8.1 deur na die diagramme te verwys. (2)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A

Standardbank

FOREX-OPENINGSAANWYSERSTARIEWE VIR 09 Junie 2022 soos teen 13:00

Tariewe vir bedrae tot en met R 200 000

Sluitingstariefgeskiedenis vir datum : 2022-06-08 16:00:39.268 Load

Sluitingstariefgeskiedenis vir datum : 2022-06-08 16:00:39.268 Load

		Bank koop			Bank verkoop	
Land	Geld-eenheid	R/T	Tjeks	Buitelandse note	Tjeks en R/T	Buitelandse note
KWOTASIES OP BASIS RAND PER EENHEID BUITELANDSE GELDEENHEID						
BRITSE POND	GBP	18.7892	21.2081	18.7891	19.4619	19.4619
EURO	EUR	16.0538	18.0047	16.0538	16.6595	16.6595
VERENIGDE STATE DOL	USD	15.0754	15.9193	15.0754	15.4403	15.4403
KWOTASIES OP BASIS BUITELANDSE GELDEENHEID PER R1						
VAE DIRHAM	AED	.2471			.2346	
AUSTRALIESE DOLLAR	AUD	.0932	.0924	.0932	.0893	.0893
BRASILIAANSE REAL	BRL	.3251			.3173	
BOTSWANA-PULA	BWP	.8194	.7987	.8194	.7472	.7472
KANADESE DOLLAR	CAD	.0841	.0861	.0841	.0806	.0806
SWITSERSE FRANK	CHF	.0654	.0603	.0654	.0627	.0627
CHINESE YUAN	CNY	.4466		.4466	.4285	.4285
TJEGGIESE KROON	CZK	1.5408	2.2134		1.4788	
DEENSE KROON	DKK	.4640	.4385		.4459	
EGIPTIESE POND	EGP	1.2723			1.1774	
FIJIAANSE DOLLAR	FJD	.1481			.1367	
GHANESE CEDI	GHS	.5645			.5227	
HONGKONGSE DOLLAR	HKD	.5250	.5094	.5250	.5040	.5040
HONGAARSE FORINT	HUF	25.0149			23.2839	
ISRAELIESE SHEKEL	ILS	.2244		.2244	.2129	.2129
INDIESE ROEPEE	INR	5.3008	4.8434		4.8903	
JAPANNESE JEN	JPY	8.9015	7.3319	8.9015	8.5739	8.5739
KENIAANSE SJILLING	KES	8.1789	7.9641		7.3833	
SRI LANKAANSE ROEPEE	LKR	24.3091	12.9607		22.8966	
LESOTHO-LOTI	LSL	1.0000		1.0000	1.0000	1.0000
MAROKKAANSE DIRHAM	MAD	.6044			.5675	
MALGASIESE ARIARY	MGA	214.9860			182.4446	
MAURITIAANSE ROEPEE	MUR	3.0248	2.7968	3.0248	2.7752	2.7752

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

MALAWIESE KWACHA	MWK	69.8456	53.5457		65.3679	
MEKSIKAANSE PESO	MXN	1.3370			1.2278	
MOZAMBIEKSE NETICA	MZN	4.4158			3.9578	3.9578
NAMIBIESE DOLLAR	NAD	1.0000		1.0000	1.0000	1.0000
NIGERIESE NAIRA	NGN	67.2528	27.7136		25.6435	
NORWEEGSE KROON	NOK	.6348	.5909		.6091	
NIEU-SEELANDSE DOLLA	NZD	.1038	.0992	.1038	.0994	.0994
POOLSE ZLOTY	PLN	.2910			.2698	
KATARRESE RIJAL	QAR	.2486			.2290	
ROMEENSE LEU	RON	.3140			.2910	
RUSSIESE ROEBEL	RUB	4.0579			3.6348	
RWANDESE FRANK	RWF	75.4872			64.2475	
SAOEDIESE RIJAL	SAR	.2560			.2359	
SWEEDSE KROON	SEK	.6546	.5901		.6292	
SINGAPOERSE DOLLAR	SGD	.0919	.0918	.0919	.0883	.0883
SUID-SOEDANESE POND	SSP	32.7354			29.5655	
SWAZILANDSE LILANGE	SZL	1.0000		1.0000	1.0000	1.0000
THAISE BAHT	THB	2.3483	2.1818	2.3483	2.1754	2.1754
TUNISIESE DINAR	TND	.1874			.1724	
TURKSE LIER	TRY	1.1638			1.1036	
TANZANIESE SJILLING	TZS	159.3988			146.3054	
UGANDESE SJILLING	UGX	253.7246			233.1561	
CFA FRANK	XAF	42.5236			38.8393	
SENEGALESE FRANK	XOF	42.1369			38.8846	
ZAMBIESE KWACHA	ZMW	1.1685			1.0566	

'Tjeks' beteken reisigerstjeks, persoonlike tjeks, bankwissels en skoon items.

Wisselkoerse verskaf deur Korporatiewe en Beleggingsbankdivisie

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM B

Die Kruger in al sy Glorie https://www.tourradar.com/t/210157

Reisoorsig



PRYS BEGIN VANAF
$1,316

DUUR
8 dae

IDEALE OUDERDOM
Vanaf 12 tot 99-jariges

BEGIN IN
Johannesburg

EINDIG IN
Johannesburg

STYL
Safari

WORD BEDRYF IN
Engels

OPERATEUR
G Adventures

TOERKODE
#210157

Kopiereg voorbehou

Reisplan

Inleiding

Hierdie sewedagavontuur doen een ding baie, baie goed: die Kruger Nasionale Park. Dit begin in Johannesburg en gee dan 'n voorsmaak van die streek met 'n watertandverwelkomingsbraai voordat die groter Kruger-area aangepak word. Is jou kamera gereed? Mooi so, want jou volgende paar dae gaan (hopenlik) 'n gesonde dosis olifante, leeus en kameelperde op die grasvlaktes oplewer asook die sjimpansees by die Jane Goodall-instituut se Chimp Eden. Hierdie toer bied jou die Kruger Nasionale Park op sy beste.

Dag 1: Johannesburg (1D)

Arriveer te enige tyd. Kom deel in die braai wat ingesluit is vir ons eerste proesel Suid-Afrikaanse kos. Akkommodasie: Lughawe Wildslodge (of soortgelyk). Etes ingesluit: Aandete. Aktiwiteite: Ontmoet jou HEB en groep – tradisionele Suid-Afrikaanse braai.

Dag 2: Johannesburg/Groter Kruger (1B, 1L, 1D)

'n Ingeslote middagete op pad onderbreek die rit. 'n Lang rit vandag beteken wildslewe eerste ding môreoggend. Akkommodasie: Mtomeni Safarikamp DBB (of soortgelyk). Etes ingesluit: Ontbyt – Middagete – Aandete. Vervoer: Privaat voertuig, 09:00-10:00 uur(e).

Dag 3: Groter Kruger (1B, 1L, 1D)

Geniet 'n piekniekmiddagete ná die wandeling en 'n middagslapie terug by die kamp. Die middag sluit 'n wildsrit in, kompleet met 'n tradisionele skemerkelk. Gesondheid op 'n wonderlike dag in Suid-Afrika. Akkommodasie: Mtomeni Safarikamp DBB (of soortgelyk). Etes ingesluit: Ontbyt – Middagete – Aandete. Aktiwiteite: Letaba Ranch-wildsrit, Letaba Ranch-boswandeling.

Day 4: Kruger Nasionale Park-gebied (1B, 1D)

Bestee die dag in die Kruger Nasionale Park op soek na die Groot Vyf. Ná 'n opwindende safaridag arriveer ons laat middag by die lodge en geniet plaaslike geregte tydens aandete. Akkommodasie: Umbhaba Eko-lodge (of soortgelyk). Etes ingesluit: Ontbyt – Aandete Vervoer: Privaat voertuig 09:00-10:00 uur(e).

Dag 5: Kruger Nasionale Park-gebied (1B, 1D)

Elke dag op safari is anders en dis die belofte van die onbekende wat elke dag so opwindend maak. Akkommodasie: Umbhaba Eko-lodge (of soortgelyk). Etes ingesluit: Ontbyt – Aandete. Aktiwiteite ingesluit: Kruger Nasionale Park-oopvoertuigwildsrit, voldag – Tradisionele aandete en plaaslike danse.

Kopiereg voorbehou

Dag 6: Kruger Nasionale Park-gebied (1B, 1D)

Met baie om te sien en doen, is daar iets vir almal om vanuit te kies. Kies nog 'n voldag in die Kruger, of dalk 'n halfdag as jy bietjie wil ontspan, of besigtig die ikononiese Panorama-roete tydens 'n opsionele voldagtoer. Akkommodasie: Umbhaba Eko-lodge (of soortgelyk). Etes ingesluit: Ontbyt – Aandete. Opsionele ekstras om vanuit te kies: Kruger Nasionale Park-voldagwildsrit.

Dag 7: Kruger/Johannesburg (1B)

Jane Goodall se Chimp Eden-toer is die perfekte manier om 'n epiese Suid-Afrikaanse safari af te sluit. Geniet die res van die pragtige terugrit na Jozie en arriveer vroegmiddag by die lodge. Jy kan kies of jy by jou HEB vir 'n afskeidsete wil aansluit. Akkommodasie: Lughawe Wildslodge (of soortgelyk). Etes ingesluit: Ontbyt. Vervoer: Privaat voertuig. 04:00-05:30 uur(e). Aktiwiteite wat ingesluit is: Chimp Eden-toer.

Dag 8: Johannesburg (1B)

Vertrek enige tyd. Etes ingesluit: Ontbyt

Wat is ingesluit

Akkommodasie

Hotelle (2 nagte), tentkamp (2 nagte) Lodges (3 nagte)

Gids

HEB (Hoof- Ervaringsbeampte) regdeur, plaaslike gidse

Etes

7 ontbyte, 2 middagetes, 6 aandetes

Vervoer

Lugversorgde toervoertuie, stap.

Ander

Jou verwelkomingsoomblik: Ontmoet jou HET en groep.
Jou smulpaapoomblik: Tradisionele Suid-Arikaanse braai, Johannesburg.
Letaba Ranch-boswandeling. Letaba Ranch-wildsrit. Tradisionele aandete en plaaslike danse. Kruger Nasionale Park-oopvoertuigwildsrit. Chimp Eden-toer. Alle vervoer tussen bestemmings en na/vanaf ingeslote aktiwiteite.

Kopiereg voorbehou